**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 APRIL 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(Ex-officio)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. JJ Mfutwana | : | Hoof: Strategiese Dienste |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/04/2025**<br>**OPENING EN VERWELKOMING** | |
| Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadsheer Du Plooy die vergadering open met gebed. | |
| *** | |
| **BKN002/04/2025**<br>**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**<br>**3/3/1/4** | |
| Raadslid Moolman skakel virtueel in. | |
| *** | |
| **BKN003/04/2025**<br>**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**<br>**3/3/1/6** | |
| Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie. | |
| *** | |
| **BKN004/04/2025**<br>**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS**<br>**3/3/2/2** | |
| Die Voorsitter lei die item in.<br>**BESLUIT**<br>Dat die bekragtiging van die notules van die vorige vergaderings soos gehou op Dinsdag 11 Maart 2025 en Dinsdag 25 Maart 2025, oorstaan na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 22 April 2025. | ***(RC GERBER)***<br>***KLERK: KOMITEES*** |
| *** | |
| **BKN005/04/2025**<br>**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS**<br>**3/3/2/2** | |
| Die Voorsitter lei die item in.<br>**BESLUIT**<br>Dat die Implementeringsverslae van die vorige vergaderings soos gehou op Dinsdag 11 Maart 2025 en Dinsdag 25 Maart 2025, oorstaan na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 22 April 2025. | ***(RC GERBER)***<br>***KLERK: KOMITEES*** |
| *** | |
| **BKN006/04/2025**<br>**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**<br>**3/3/2/2** | |
| Geen | |
| *** | |

**BKN007/04/2025**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/04/2025**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Mededelings deur die Munisipale Bestuurder</u>:

- Namens die Direksie bedank die Munisipale Bestuurder die Raadslede en amptenare vir hulp verleen tydens die ramp in Porterville. 'n Spesiale woord van dank word uitgespreek teenoor die Portefeulje Voorsitter van Gemeenskapdienste (Raadsheer Wessels) en die JOC; en
- Dat die Administratiewe Beampte: Strategiese Dienste se oom oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in hierdie tyd.

<u>Mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester</u>:

- Hy bedank Raadsheer Daniels en die Administratiewe Beampte: Strategiese Dienste vir hul harde werk en toewyding met die Jeuguitruilprogram;
- Hy spreek sy kommer oor die volgende aspekte uit en versoek 'n oop gesprek:

(a) Dat hy oorval word met klagtes van die publiek, waarna hy verskeie WhatsApp boodskappe aan die Komitee voorhou;

(b) Dat Noordhoek morsig is, waarna hy fotos met die Komitee deel;

(c) Pelikaan Hawe;

(d) Onwettige aanbouings;

(e) Toestand van Monte Bertha;

(f) Dat Wyk 4 se strate reeds vol sand is na 'n bietjie reën;

(g) Dat uitvoering nie gegee word aan besluite van die Uitoerende Burgemeesterskomitee nie;

(h) Misbruik van oortyd en bystand;

(i) Wat kan gedoen word om te verseker dat dienslewering die nommer een prioriteit is;

(j) Gebrek aan samewerking tussen direktorate;

(k) Toename in pypbreuke in Wyk 3; en

(l) Gebrek aan straatveërs in Noordhoek.

<u>Raadsheer De Vries</u>

- Hy gee kortliks terugvoering rakende die ontbreking van water in Velddrif en Piketberg; en
- Hy spreek sy kommer uit oor die gebrek aan kommunikasie binne die organisasie, beperkte geleentheid om sy oorsig rol uit te oefen as gevolg van

vermeende inmenging en die gebrek aan wedersydse respek en samewerking.

Raadsheer Du Plooy

- Hy stel voor dat werkers van binne die munisipaliteit, oor direktorate en departemente heen, van tyd tot tyd beskikbaar gestel word om orde te skep in Velddrif;
- Dat senior Raadslede en senior amptenare hul egos by die huis moet los as hulle by die werk is;
- Dat hy begrip het vir die druk van plaaslike regering, dat dit ’n komplekse veld is wat ’n impak het op geestestoestand en psige van personeel, maar dat ons nie daarvan kan wegkom dat ons dienslewering aan die publiek moet lewer nie;
- Hy bedank Raadsheer Wessels vir sy leiding tydens ’n tweede ramptoestand;
- Dat dit kommerwekkend is indien daar nog nie vir rampe begroot word nie, dat klimaatsverandering ‘n impak op gemeenskappe het en daar moet begroot en beplan word;
- Dat rampe nie elke keer net ’n Gemeenskapsdienste probleem kan wees nie, dat ander hulpbronne betrek moet word;
- Hy bedank die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder vir alles wat hulle gedoen het ten opsigte van die ramp; en
- Hy versoek dat die Weskus Distriksmunisipaliteit genader word om uitklaring te kry oor hul rol tydens ramptoestande. ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

Raadsheer Daniels

- Dat daar ’n behoefte is vir opvoeding oor opruiming en vullis in die gemeenskappe;
- Hy spreek sy dank en waardering uit teenoor die JOC;
- Dat leemtes uitgewys word in ramp situasies en versoek hy 'n analise van hoe om voor te berei vir moontlike rampe sonder om afhanklik te wees van vroeë waarskuwings van die weerdiens; ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***
- Dat daar gekyk word na die boodskap wat uitgaan na die publiek en die interpretasie daarvan, byvoorbeeld die persepsie van die publiek dat die munisipaliteit hul privaat erwe sal skoonmaak na ’n ramp;
- Dat samewerking wisselvallig is; en
- Dat bestuur toegepas word maar nie leierskap nie, dat die twee eintlik hand aan hand gaan maar van tyd tot tyd ontbreek.

Munisipale Bestuurder

- Dat daar nooit 'n verskoning kan wees dat daar geen geld is nie (met verwysing na rampe);
- Dat egos onmiddelik moet verander;
- Dat sy die Direkteur Gemeenskapsdienste versoek het om teen Woensdag 16 April 2025 ’n verslag te voorsien ten opsigte van die ramptoestand asook die skoonmaak proses; ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

- Dat sy saamstem met ‘n “best practice” skoonmaak operasie in Noordhoek;
- Dat die opvoedingstaak ’n spanpoging is;
- Sy verwys na die samewerkingsmodel tussen Raadslede en Direksie en versoek dat elke Direkteur en Portfeulje Voorsitter hul verhouding regmaak;
- Dat Raadslede tot op bestuursvlak direk met amptenare kan skakel;
- Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste nie tyd het tydens die bestuur van ’n ramptoestand om ook met die publiek te kommunikeer nie. Dat daar gekyk sal word na verwagting bestuur deur die kommunikasie afdeling;
- Dat Noordhoek en Porterville tans die grootste fokus is; en
- Dat daar tans een honderd en dertien (113) werkers in Velddrif is, dat daar nie ’n personeel probleem is nie, maar eerder ’n bestuursprobleem.

<u>Direkteur Korporatiewe Dienste</u>

- Dat daar gekyk word na die rolverdeling van Raadslede en amptenare en hoe ons mekaar komplimenteer;
- Dat die benadering in Bergrivier reaktief is en moet proaktief raak;
- Dat ’n swak plan beter is as geen plan, solank daar ’n plan is;
- Dat ’n produktiwiteitstudie nie ’n ingesteldheidsprobleem sal aanspreek nie;
- Dat as ’n mens in ’n vuil omgewing is gaan hulle ook mors; en
- Dat skole en die sakesektor ’n groot rol het om te speel ten opsigte van opvoeding.

<u>Raadsheer Wessels</u>

- Hy meld dat hy en die Direkteur Gemeenskapsdienste nog terugvoering na die ramp moet bespreek;
- Dat tydens die ramptoestand was tussen sestig en sewentig mense in die veld maar nie almal kon gesien word nie;
- Hy bedank CWP en Korrektiewe Dienste vir die hulp verleen;
- Dat die probleem nie die probleem is nie, maar eerder die houding teenoor die probleem.

<u>Direkteur Tegniese Dienste</u>

- Hy meld dat ’n span op Dinsdag 15 April 2025 skoongemaak het in Noordhoek.

*******

**BKN009/04/2025**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

*******

**BKN010/04/2025**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/04/2025**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING</u>**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN012/04/2025**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN013/04/2025**
**<u>CODE OF ETHICAL LEADERSHIP: 3RD PRINCIPLE</u>**
**12/2/2/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKA014/04/2025**
**<u>TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORISTTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE</u>**

Geen

***

**BKN015/04/2025**
**<u>ITEMS SOOS VERSOEK DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER OP 11 APRIL 2025</u>**

Die Voorsitter lei die item in.

a) <u>Indiensnemingsbeleid</u>

*Sien BKN020/04/2025*

b) <u>Event Application Policy</u>

Die Voorsitter meld dat klagtes ontvang is dat die goedkeuringsproses lank vat. Hy versoek dat daar gekyk word na die stelsel om die proses te vergemaklik.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

c) <u>Sportbeleid</u>

Die Voorsitter versoek dat daar gekyk word na, onder andere, die bestuur van die velde en die verskeie besture.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

d) <u>Tariewe lys</u>

Die Voorsitter meld dat vrae ontvang is oor die tariewe van septiese tenke veral op Redelinghuys en verstopping van riool. Hy versoek dat daar gekyk word na die huidige R500 tarief.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

e) Informal Trading Policy
*Sien BKN016/04/2025*

f) Begroting 2025/2026
Die Voorsitter versoek dat 'n gesprek gereël word met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

g) Essensiële vervoerskema
Die Voorsitter versoek dat daar bepaal word wie vervoer nodig het, is die vervoer voldoende vir operasionele vereistes, ensovoorts. Hy versoek dat die item verwys word na die Korporatiewe Dienste Komitee.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

h) Oortyd en bystand
Die Voorsitter versoek dat daar gekyk word na die toepassing van die beleid deur elke direktoraat en die algemene bestuur van oortyd en bystand.

***DIREKSIE***

i) Sport Meesterplan
Die Voorsitter meld dat daar intussen baie verander het en dat daar gekyk word dat die veranderinge aangebring word. Hy versoek dat die item verwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

j) Disaster Management Policy
Die Voorsitter versoek dat daar gekyk word na die leemtes aangesien die beleid 2015/2016 gedateer is.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

k) Delegasies
Geen

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat die vergadering om 11:50)***

**BKN016/04/2025**
**INFORMAL TRADING STALLS MANAGEMENT POLICY**
**14/B**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the item be referred to the Economic Development Committee for further discussion.

***HEAD: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN017/04/2025**
**WATER MONITORING COMMITTEE: WATER CONCESSION AGREEMENT AND MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT: SECTION 33**

Raadsheer De Vries lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Munisipale Bestuurder.

Raadsheer De Vries meld dat in terme van aanbeveling (4) sal die kontrak eers na die publieke deelname proses aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

**RESOLVED**

1. That the proposed long-term contract of period 01 July 2025 – 30 June 2035 in principle be approved by the four (4) Municipalities (Bergrivier, Swartland, Saldanha Bay & West Coast);

2. That the intention of the contract be forwarded to Provincial Treasury, National Treasury & National Department of Local Government (Section 33(1)(b)(iv)) by the four (4) Municipalities (Bergrivier, Swartland, Saldanha Bay & West Coast);
3. That comments be solicited from the community in terms of the proposed long-term contract (Section 33(1)(b)(iii) by the four (4) Municipalities (Bergrivier, Swartland, Saldanha Bay & West Coast); and
4. That information and received submissions be tabled to the various Councils (Bergrivier, Swartland, Saldanha Bay & West Coast) in terms of Section 33(a)(1).

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN018/04/2025**
**SAMESTELLING VAN ARBEIDSFORUM**
**4/9/1/4**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

1. Dat die Portefeulje Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee ook aangewys word om die werkgewer op die Arbeidsforum te verteenwoordig;
2. Dat die samestelling van die werkgewerkomponent op die Arbeidsforum as volg sal wees:
   - Voorsitter: Tegniese Dienste Komitee;
   - Voorsitter: Finansiële Dienste Komitee;
   - Voorsitter: Gemeenskapsdienste Komitee;
   - Voorsitter: Korporatiewe Dienste Komitee;
   - Direkteur Korporatiewe Dienste;
   - Direkteur Tegniese Dienste;
   - Direkteur Gemeenskapsdienste;
   - Direkteur Finansiële Dienste;
   - Munisipale Bestuurder (ex officio); en
   - Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste (ondersteunend).

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN019/04/2025**
**REVISION OF TASK JOB EVALUATION POLICY**
**4/1/1/B**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

1. That the amendments to the TASK Job Evaluation Policy be approved; and
2. That the Mayoral Committee take note that the Municipal Manager / Director can request the West Coast Job Evaluation Unit and TASK Provincial Audit Committee for an interview to confirm the full particulars of the job.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN020/04/2025**
**<u>WYSIGING VAN INDIENSNEMINGSBELEID</u>**
**4/1/1/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in.

Die Voorsitter meld dat hy oorval word met klagtes uit die gemeenskap dat sommige mense lank op die waglys is en kry nie EPWP of tydelike geleenthede nie, maar ander kry gereelde geleenthede of kort nadat hulle hul name op die lys gesit het.

Breedvoerige insette en kommentaar word gelewer oor die aanstellingsproses, hoe aanstellings bepaal word, hoe word daar verseker dat die beleid uitgevoer word, waar fokus geplaas moet word rondom verskillende onderhoudspanele en hoe die stelsel verbeter kan word.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die voorgestelde wysigings aan die Indienemingsbeleid aan die Korporatiewe Dienste Komitee voorgelê word vir bespreking.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN021/04/2025**
**<u>REIS EN VERBLYF BELEID EN PROSEDURES VIR PERSONEEL</u>**
**4/5/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die onderstaande wysiging van paragraaf 6.5.8 van die Reis- en Verblyfbeleid vir personeel en paragraaf 8.11 van die Reis- en Verblyfbeleid vir Raadslede aanvaar word:

*6.5.8. If a representative stays with a relative or friend, no accommodation allowance may be claimed, but the representative may claim a* ***daily all-inclusive*** *subsistence allowance* ***payable according to SARS regulations.***

*8.11. If a Councillor stays with a relative or friend, no accommodation allowance may be claimed, but the Councillor may claim an* ***all-inclusive*** *subsistence allowance* ***payable according to SARS regulations.***

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN022/04/2025**
**<u>MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN023/04/2025**
**<u>MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN024/04/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

*******

**BKN025/04/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**BKN026/04/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

*******

**BKN027/04/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

*******

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:59***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

*******